# KOMMUNIKAMMA 12 APRIL 2026

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.**
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 12 APRIL**
**Biddag vir Gesondheidsdienste**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**Tema:** Genadelig verdryf mensgemaakte duisternis.
**Skriflesing:** Jes 8:23 – 9:6

**18:00 LEEF@KERK**

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Cala Kleuterskool**

**Maandag 13 April**
**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek soek 'n klererak waaraan klere in hul 2de handse winkel opgehang kan word.asb. Hulle benodig ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**Vrydag 17 April**
**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205) vir meer besonderhede.

**Sondag 19 APRIL**
**08:30 EIETYDSE DIENS, POPPEKAS EN KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**

**GEBEDSAKE:**

- Die tweede kwartaal wat voorlê.
- Jurie Botha is oorlede. Bid asb vir sy familie en vriende.
- Marie en Peter Rothman se dogter, Jackie, is oorlede
- Heelwat mense wat sukkel met gesondheid uitdagings.
- Vir die Here se hulp en leiding in mense en gesinne se lewens wat groot uitdagings ervaar. Dat Hy ons sal gebruik waar nodig en toerus met wysheid om die regte hulp te verleen en/of raad te gee.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande.
- Die konflik in die Midde-Ooste. Dat die skietstaking die begin sal wees van langtermyn vrede

**KAMMAKLETS UITGAWE 1 VIR 2026 IS BESKIKBAAR**

Daar is Sondag 200 gedrukte uitgawes van ons eerste 2026 Kammaklets (Gemeentekoerantjie) in die voorportaal beskikbaar. Dit word ook Maandag elektronies vir die gemeente ge e-pos of dit kan afgelaai word vanaf die gemeente webtuiste. Lees lekker saam aan alles wat die eerste kwartaal by ons gemeente gebeur het.

**SELGROEP VIR OUERS MET JONG KINDERS**

Ons wil graag ‘n selgroep begin vir ouers met jong kinders. Omrede enige bymekaarkoms in die aand vir mense in hierdie fase uitdagend is, is die plan dat hierdie groep op Sondagmiddae 16:00 bymekaarkom. Indien jy belangstel in so bymekaarkoms, of meer inligting verlang, kontak gerus Ds Toit Wessels

**THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**

Liewe Gebedsvriende,

Kom ons bid saam vir ons wêreldwye familie die week.

**Lof:** Die kerk groei. In die duisternis skyn die lig helderder. Ten spyte van vervolging kom meer Jemeni’s na Christus as ooit tevore, hoofsaaklik deur drome en visioene van Jesus, en deur die dapper getuienis van gelowiges soos Fatima. Hulle oorleef nie net nie; hulle floreer in hul gees.

**Voorbidding:** Bid vir beskerming en voorsiening. Bid dat hulle geheime byeenkomste verborge bly vir diegene wat hulle kwaad wil aandoen. Bid vir hulle daaglikse behoeftes, kos, skuiling en veiligheid, veral vir diegene, soos Fatima, wat uitgewerp is. Bid vir hulle families, dat die harte van moeders en vaders sag sal word as gevolg van die liefde van Christus wat hulle in hulle kinders sien.

**Persoonlike gebed:** Hemelse Vader, ons kom voor U, in nederigheid as gevolg van die geloof van ons broers en susters in Jemen. Here, raak ons harte aan. Maak ons getrou in ons eie konteks. Herinner ons aan die kosbare skat wat ons in Christus het, 'n skat wat enige koste werd is.

Onthou ook om ons Facebook blad https://www.facebook.com/There4Ministries. te besoek … daar is nou ‘n skakel na ‘n weeklikse Bybelstudie asook ‘n pot-sending wat die radiogesprek opsom indien jy nie kon inskakel nie.

Liefde
Die There4 Span

**FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK**

Kortgolfradio was van die begin af ’n kerndeel van FEBC en FEBA se bediening. Hoewel dit duur is om te onderhou, het kortgolfstasies ’n reusagtige reikwydte en kortgolfseine is moeilik om te keer. FEBC se twee kortgolfstasies in Manila saai 24 uur per dag uit, in 42 tale. Die spanne ontvang terugvoer uit die berge van China en Kambodja en Thailand, lande soos Laos en Viëtnam – selfs lande in Europa! Bid vir God se voorsiening om FEBA se kortgolfstasies op die lug te hou, sodat selfs die mins-bereikbare mense die evangelie kan ontvang.

**MTR SMIT KINDERHUIS**

Indien jy die vreugde van die verjaarsdagvieringe van MTR Smit Kinderhuis wil ervaar, kan jy gerus vir Debah van Eeden (082 933 2443) kontak. Ons huis is die tuiste van 11 pragtige dogters, en ons probeer elke verjaardag

spesiaal maak deur cupcakes, eetgoed en koeldrank te voorsien. Jou betrokkenheid kan 'n groot verskil maak in die lewens van hierdie dogters. Of jy nou as 'n selgroep, vriendegroep, of individu deelneem, jou bydrae sal 'n impak hê en 'n glimlag op die gesigte van hierdie dogters bring.

**KERMIS**

Ons kermis vind hierdie jaar op Saterdag 20 Junie plaas.

**WIT OLIFANTE**

Indien daar enige bruikbare wit-olifante in jou huis skuil, kan jy hulle begin afstof en aandra na die kerkkantoor. Dit is vir ons kermis van 20 Junie. Indien jy hulp nodig het met vervoer, kontak vir Zalita le Roux (082 878 8720)

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**SAAMRYGELEENTHEID GESOEK**

'n Senior dame in ons gemeente i s sedert 1985 betrokke by Despatch Voortrekkerkommando. Sy is nog betrokke by die afronding van Presidentsverkenner-kandidate, maar sy het nie vervoer Despatch toe op 'n Vrydag nie.

Sy soek iemand wat bereid sal wees om haar op 'n Vrydagoggend of-middag Despatch toe te vat. Sy het reeds 'n geleentheid terug. Sy sal petrolgeld en iets vir die moeite bydra. As jy kan help, kontak asb met die kerkkantoor.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 12 April | Rassie du Plessis, Martin Keevy, Elizma Olivier en Frans Viljoen |
| 13 April | George Friend, Tammy Ross, Marie Rothman, Ria van Heerden, PC van Rooyen, MG van Rooyen en Sherene van der Mescht |
| 14 April | Schalk Burger, Emma de Witt, Johan Harmse en Annel Otto |
| 15 April | Melissa Kleinhans, Sarie Lahoud, Hanru Theron en Peter Williams |
| 16 April | Elize de Vos, Corrie van Deventer en Johann Vorster |
| 17 April | Maritha Els, Teneal Els, Hennie Greeff, Dirk Human, JJ Jordaan, Amelia Meiring, Michlle Simon en Jan Strydom |
| 18 April | Else-Maré Els, Pieter Joubert en Jacques Smit |

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005

SnapScan

PXMP5808